# 16 Junie 2023 - Lesing 50 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

Rom 8

*19 Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die **openbaarmaking van die kinders van God**.*

*20 Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het*

*21 in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God.*

*22 Want ons weet dat die **hele skepping** tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.*

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Kwelling van die wesens sonder selfbewussyn. Rom. 8, 19:22. - 8/12/57

**NO: 6988** Julle is geskep vir die ewigheid. Daarom kan julle nooit ophou om te bestaan nie, selfs al het julle 'n begin gehad. Maar julle was in staat om julle natuur te verander en dit het julle gedoen en as 'n gevolg is julle **tydelik van jul selfbewussyn ontneem**. Julle het beslis bly voortbestaan, maar julle was net nie meer bewus van julle bestaan nie. Nietemin was dit nie 'n toestand van geluksaligheid nie, dit was geen salige oorgang in 'n leemte in nie, **maar 'n toestand van kwelling**, omdat dit 'n toestand van beperking vir die geestelike wese was wat eens geskape was as 'n vrye wese, wat nou ook hierdie beperking as angs ervaar het.

Maar aangesien julle sal voortgaan om vir ewig te bestaan, behoort julle ook in staat te wees om julle bestaan te geniet, **julle behoort in 'n salige toestand te lewe**, d.w.s. julle behoort aktief te wees vir julle eie genot **in krag en lig**. Dit is julle doel, die doel van elke wese wat eens deur My geskape was, om te leef en om aktief te wees in My wil, om geluksalig te wees in volle lig en krag soos Ek, **om te kan skep en vorm** vir hul eie genot.

Tog het ontelbare wesens wat in lig en vryheid van My uitgegaan het, hul selfbewussyn verloor te danke aan **hul eie skuld**. Hulle het hul vryheid, lig en krag opgegee en het 'n verskriklike lot vir hulself gekies. **Maar hulle was nie in staat om hulself te vernietig nie en sal ook nooit in staat wees om dit te doen nie**.

As hierdie vrywillig gekose toestand sonder selfbewussyn of sonder enige angs was, sou geen wese ooit gestreef het na 'n lewe in geluksaligheid nie, want dan sou sy, tot 'n sekere mate, omgekom het en slegs deur Myself as 'n wese herken gewees het.

**Maar die lyding van 'n gekluisterde wese is egter ondenkbaar**, en julle mense moet nie afsydig staan teenoor die bedreiging van 'n hernude kluistering nie, want selfs as julle nie 'n selfbewussyn het nie, sal julle nietemin blootgestel word aan kwellinge wat julle eers eendag in staat sal wees om te verstaan, as julle terugkyk toe julle tot lewe voortgebring is. **Want dit is die geestelike wese wat ly,** nie die menslike wese wat julle dink gesterf het nie. En die geestelike wese kan sekerlik verhard het in haarself, maar sy is nie vernietig nie, **sy is nie onsensitief nie en ly erge pyn, selfs tot in haar kleinste substansie**, daarom is die hele Skepping se geestelike substansies **gebonde in materie,** in teenstelling met die koninkryk van lig en haar inwoners. Hulle is dus onverlos of ongelukkig, dit wil sê **gebonde in pyn**, en in hul pyn smag hulle na verlossing.

Die pyn wat ervaar word deur die geestelike substansie is onbegryplik vir julle mense, want dit wat aan julle siele gegee is as 'n bedekking, - julle aardse liggaam, - is slegs in staat om pyn te voel en te verduur tot 'n sekere graad, **wat egter geensins te vergelyk is met die kwellinge wat die siel moet verduur in haar onverloste toestand nie** en wat ook gevoel word deur die steeds gebonde geestelike substansies van die uiterlike houer.

Maar aangesien slegs die siel 'n selfbewuste wese is, kan sy dus slegs in die toestand van 'n mens **bewustelik streef** na 'n verandering van haar natuur, 'n transformasie na haar fundamentele natuur. Die besef dat sy nooit kan vergaan nie, dat sy vir ewig sal bestaan, sal haar dan ook motiveer om ernstig te streef na 'n gelukkige ewige lewe, om te strewe na 'n "**lewe in geluksaligheid**" en om weer sterkte en lig te verkry ten einde weer aktief te wees in ooreen-stemming met die wet van die Goddelike orde.

Maar solank as wat hierdie besef by haar ontbreek, sal die mense se lewe op aarde tevergeefs wees en die siel sal gebonde bly **en sal ook haar liggaam in 'n gebonde toestand verlaat**. En dan sal die angstige toestand weer na vore kom wat sy nie so erg op die aarde gevoel het nie. **Sy is dood, alhoewel sy bestaan**.

Sy het nie die salige lewe op aarde verkry nie, die toestand van kluistering bedreig haar ook weer as sy nie daarin slaag om in die ryk van die hiernamaals tot die besef te kom dat sy nie opgehou het om te bestaan nie, alhoewel sy nie meer op aarde leef nie. Slegs hierdie besef kan haar in die ryk van die hiernamaals dring om te streef na 'lewe' **en dan sal sy ook hulp ontvang om dit te doen.**

Maar dit is verskriklik vir 'n reeds selfbewuste siel as sy weer die lot van 'n hernude kluistering moet ervaar, wanneer haar selfbewussyn weggeneem word en sy die weg deur die skeppings moet neem, **opgelos in ontelbare klein deeltjies en om die kwelling weereens te moet verduur,** wat elke uiterlike houer verteenwoordig vir die geestelike wese. Want slegs deur pyn kan die geestelike wese so gesuiwer word dat sy weer sal ryp word tot 'n selfbewuste wese wat eendag sal lewe en dan nooit weer haar lewe sal verloor nie. Amein.